

Inhoud Hierdie preek wys dat ons vertroue in Jesus Christus is hoe ons elke dag ons in God se liefde in bekeer. Die bekering waarmee die Jode en geestelikes van vandag hulle tot God bekeer, is hoe die jongste en oudste broer in die gelykenis van die verlore seun hulle tot God bekeer. Die jongste broer wys dat mense in hul losbandigheid hul met onderdanigheid aan God se mag wil onderwerp, en die oudste broer wys dat geestelikes glo hul leef bekeerd onder die mag van God volgens God se wet. Christus as gekruisigde Here is egter die Eniggebore Seun wat aan God se mag volgens die wet onderwerp was, sodat Hy vir ons 'n vrye toegang tot God se liefde skep. Deur Christus omvou God ons in sy liefde en nooit met sy mag volens sy wet nie. Daarom is die bekerings waarmee ons ons in God se liefde inkeer, altyd ons vertroue in Jesus Christus. Ons geloof is hoe ons ons tot God se liefde bekeer.

Skriflesing Hebreërs 10: 14 – 23; Direkte Afrikaanse Vertaling Lukas 15: 1, 2, 11 – 32 (1983 Vertaling)

Teks Lukas 15: 20: “Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom.”

Tema Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in

1. Die gelykenis van die verlore seun en die beskrywing in Hebreërs van gelowiges se vrymoedige toe trede tot God se teenwoordigheid, openbaar vir ons God op een en dieselfde manier: die wyse waarop God ons omhels wanneer ons ons na Hom toekeer.

Met die gelykenis van die verlore seun wys die Here Jesus Christus vir die Fariseërs en skrifgeleerdes wat gebeur wanneer Christus met tollenaars en sondaars saam eet. (Luk. 15: 1 en 2) Die feesmaal vir sy seun wat na sy pa toe terugkom is die deel van die gelykenis wat direk aansluit by Jesus wat met tollenaars en sondaars eet. Die pa wat sy seun omhels en soen is die deel van die gelykenis wat wys wat God met tollenaars en sondaars doen met wie hy ontvang.

Jesus se ontvang en saameet met sondaars word die handeling en die gelykenis die verduideliking van wat gebeur met sondaars wat hulle toekeer tot Jesus Christus as die gekruisigde en opgestane Here. Hulle word deur God omhels in liefde.

2. Twee maniere van omhelsing en om 'n drukkies te kry!

Die kinders! Omhels is wanneer jou pa of ma hulle arms om jou sit en jou styf teen hulle vasdruk. Ons noem dit somer 'n drukkies, maar jy kan iemand ook met 'n vinger 'n drukkies gee. Omhelsing is om jou kind te omarm en teen jou vas te hou sodat jou kind jou liefde liggaamlik kan voel.

Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in

Nou kom die geheim, daar is twee soorte omhelsing! Twee soorte drukkies. Die een is soos kleintjies wat elke dag hardloop en op hul pa of ma, of oupa en ouma se skoot spring of hulle om die been ryp sodat hulle omhels kan word. Hierdie kleintjies weet dat as hulle na hulle ouers of oupas en oumas gaan, gaan hulle 'n omhelsing kry.

Binne daardie omhelsing gebeur baie goed. Terwyl ouers of oupas en oumas hulle so omhels, dan vertel hulle alles wat met hulle gebeur het, hulle vertel alles wat hulle goed gedoen het en hulle vertel ook sommer alles wat hulle verkeerd gedoen. Dit alles vertel hulle so terwyl hulle op die skoot sit en vasgehou word, omhels word.

3. Daar is ook 'n ander manier van omhelsing! Dit sien 'n mens partykeer met tienerkinders, grootkinders en hul ouers!

Die pa of ma roep wag kwaad vir die kind wat hulle weet uit die huis gegaan het om kwaad te doen. Wanneer die kind dan by die huis kom, dan moet hierdie tiener voor die pa of ma kom staan wat kwaad en verontwaardig wag dat daar verduidelikings gegee moet word om te kyk watter strawwe gegee en skikkings bereik kan word.

Hulle moet verduidelikings gee vir wat hulle verkeerd gedoen het en hoe hulle dit wat hulle verkeerd gedoen het gaan regmaak. Terwyl hulle hierdie verduidelikings gee weet die tiener en die ouers dat die houding waarmee jy verduidelikings gee en beloftes maak is eintlik die belangrikste saak waarom dit gaan. Daarom, wanneer jy huil om jou jammerte te wys, jou onderdanig en insiklik hou en op alles ja en jammer sê, dan is daar dalk 'n moontlikheid dat jou ouer jou gaan vertel om dit nie weer te doen nie en dan 'n omhelsing te gee.

4. Hoe verskil hierdie omhelsing, hierdie drukkies wat tieners kry as hulle huis toe kom van die drukkies wat kleintjies kry as hulle na hul ouers te hardloop?

In die een hardloop kleintjies om 'n drukkies te kry en in hierdie omhelsing op hul ouers se skoot, vertel hulle of trots alles wat hulle gedoen het of skaam wat hulle alles verkeerd gedoen het. In die ander kom die tiener huis toe maar hoop hy loop homself nie vas in sy ouers nie, en wat hy vertel word met dreigende woede uit hom uitgewurg.

Hoe verskil die omhelsing? Die een is om jou in te sluit en te koester in liefde. Die ander is gewoon net iets anders. Die ander is om jou insiklike onderdanigheid aan die mag van jou ouers te bevestig. Dit is wat jy in hierdie omhelsing voel wat jy net kan kry eers nadat jy jou jammerlike insiklike onderdanigheid gewys het. Wanneer jy só is, kan en mag jy eers 'n omhelsing kry.

Die kinders kan julle die verskil sien in hierdie twee omhelsings, hierdie twee drukkies? Die een kry jy sommer net as jy na jou ouers gaan en jy gaan na hulle

Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in

omdat jy weet jy gaan sommer net op hulle skote kan gaan sit en 'n omhelsing kry, en in hierdie omhelsing kan jy alles vertel, soet of stout, en hulle praat met jou in hierdie omhelsing. Met die ander een moet jy eers voor hulle gaan staan en mag jy nie 'n omhelsing kry, 'n drukkie kry, voor jy nie eers 'n jammerlike, huilerige, onderdanige houding gewys het nie.

Die een is 'n sommer net 'n liefdesomhelsing, maar die ander is 'n omhelsing wat jou vashou in die mag om jammerlik, huilerig, onderdanig en gedienstig te wees.

5. Dit is die verskil in die omhelsing wat die wegloop seun van sy pa wou hê en die omhelsing en soen wat hy van sy pa gery het! Dit is die werklik dieptepunt van hierdie geykenis.

Kyk watter omhelsing het hierdie seun in sy gedagtes voorberei vir homself toe hy besluit om na sy pa toe te gaan! Dit is net soos 'n tienerseun wat gaan kwaad doen het en weet sy pa wag kwaad vir hom om huis te kom: "Pa, ek het teen God en pa gesondig! Ek is nie meer werd om pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners."

Hierdie is die offer wat hy vir sy pa voorberei om weer net versorging te kan kry:

- om homself skuldig te verklaar voor God en sy pa.
- om homself te verkleineer, te veroordeel, te verneder deur sy eer en heerlijkheid as seun van sy pa prys te gee: ek is nie meer werd om jou seun genoem te word nie.
- om homself onderdanig, insiklik en gedienstig aan die vloek, straf en verwerping van sy pa te onderwerp. Die vervloeking en straf om nie die liefde van 'n seun te mag kry nie maar die minagting van 'n werker.

Dit is die offer wat hy in sy hart voorberei om voor sy pa te gaan staan wat vir hom kwaad staan en inwag om van sy slegte lewe af terug te kom.

6. Kyk watter omhelsing kry hy!

Sy pa staan nie kwaad en wag om sy verkeerde lewe te kom verduidelik nie. Hy sien hom van ver al aankom, want hy het nog altyd gewag en uitgekyk vir sy koms. Hy staan nie kwaad en wag nie, maar kry sy seun innig jammer. Hy staan nie kwaad en wag nie maar hardloop na sy seun en omhels hom, nog voordat hy vir sy pa iets kan sê!

Die nuwe direkte Afrikaanse vertaling vertaal "omhels" met "hy het hom om die nek geval." Dit beteken hy het sy seun se kop binne in sy nek vasgedruk.

Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in

Kan u sien wat doen hierdie pa met sy seun? Sy seun kom soos 'n tiener na hom met die houding om te verduidelik en 'n houding van onderdanigheid te wys en dan daarna 'n drukkie dalk te kry, maar met hierdie drukkie te voel, nou is ek vir altyd ingebind in die mag en onderworpe aan hierdie man se mag.

Wat maak sy pa met hierdie houding waarmee hy na sy pa kom? Hy verbreek dit met 'n omhelsing. Besef u dat hierdie seun nou met sy pa praat terwyl sy pa sy kop binne sy nek vasdruk en teen homself vashou! Hy maak sy seun die kind wat op sy skoot sit en in 'n omhelsing van liefde met hom as pa kan praat! Ook oor sy sondes!

Hy berei homself voor om in die mag van sy as werkgewer omhels te word, en hy word in die omhelsing van sy pa 'n geliefde kind gemaak!

7. Maar hy kry net kans om die helfte van sy sondebelydenis te doen.

U moet gerus kyk wat was die werklike offer wat hierdie seun vir sy pa aangebied het. Hy wou vir sy pa die offer aanbied met hierdie woorde "Behandel my soos een van Pa se dagloners." Dit is soos een van Pa se arbeiders! Veroordeel my, vervloek my, straf my en verwerp my as jou seun, maar laat ek asseblief net naby jou leef.

Die offer was dat hy sy pa se veroordeling, vervloeking straf en verwerping op homself wou neem om net die omhelsing van 'n slaaf te mag kry: hou my vas in jou mag!

In sy pa se omhelsing word hy nie toegelaat om hierdie offer te maak nie. In die plek van die offer wat hy wil gee om soos 'n arbeider behandel te word, gee sy Pa vir die hom die volle eer van 'n geliefde seun: die beste klere, 'n ring wat sy status as kind beseël, skone en 'n spesiale vreugdefees met al die kos wat spesiaal vir feeste vetgevoer word.

In sy pa se omhelsing kan hy met sy pa praat, ook oor sy oortredings, maar kan hy nie iets in sy pa se omhelsing iemand anders as sy pa se geliefde kind wees nie.

8. Dit is wat met sondaars en tollenaars gebeur wat na Jesus Christus toe kom!

Dit is die hoe Hebreërs hierdie toekeer tot Jesus Christus beskryf – ons het nou vrymoedigheid deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom, langs 'n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die tempelgordyn heen." (Heb. 10: 19 en 20) Dit het ons omdat die offer waarmee ons na God toe moes gaan wat kwaad staan en wag het Christus vir ons gebring: "toe Christus vir altyd een offer ter wille van sondes gebring het, het Hy aan die regterhand van God gaan sit... want deur die een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak ... waar daar vergifnis hiervoor is, word 'n offer nie meer vir sondes gebring nie. (Heb. 10: 12 – 18)

Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in

Die heiligdom is die omhelsing deur God die Vader in sy liefde. God wie vir my altyd die Vader is wat my van ver sien aankom en dan na my hardloop om my te omhels. God die Vader wat in liefde my kop binne sy nek vasdruk terwyl ek met hom praat of volgens ons voorbeeld, God die Vader wat my vashou en teen hom vasdruk terwyl ek vir alles vertel waarop ek trots en skaam is.

Hierdie omhelsing in God die Vader is langs 'n nuwe weg vir ons oopgemaak as 'n nuwe lewenswyse saam met God. Hebreërs stel dat Jesus Christus se bloed en liggaam het hierdie weg oopgemaak. Dit beteken dat hy as die Geliefde Seun het die offer gebring aan God die Vader wat maak dat ons nooit met 'n offer na God toe hoef te gaan nie.

Paulus stel dit só in 2 Korintiërs 5: Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus vrygespreek kan wees."Vrygespreek van wat? Om as veroordeelde, vervloekte, gestrafte en verwerpte sondaar behandel te word. Só! Wie was die Geliefde Seun wat in ons plek só behandel is: "Vader, Ek is nie meer werd om u Seun genoem te word nie, behandel my soos een van U arbeiders: laat my die oordeel, vloek, straf en verwerping dra dat Ek nie u Seun maar 'n sondaar is nie.

Omdat Hy die Seun is wat die arbeider moes word, ontvang God die Vader ons altyd as sy geliefde kinders in die omhelsing van die Vader van sy kinders.

9. Hoeveel keer werk dit só: as jy na jou pa of ma gaan dat jy in hulle omhelsing met hulle kan praat oor wat jy op trots en skaam is?

Altyd, enige tyd, die hele tyd!

Dink u dit is enigsins moontlik dat die Here se gelykenis oor die verlore seun so kan werk?

- As jy weggeloop het en terugkom kry jy 'n omhelsing en dan moet jy weer werk soos die oudste seun altyd vir sy pa gewerk het!
- Jy kry hierdie omhelsing eenkeer as jy weg uit die huis was, maar as jy terug is, moet jy elke keer voor pa gaan staan en verduidelik voor jy weer 'n drukkie kan kry!
- As jy weg was kan jy in sy omhelsing praat maar as jy terug is, moet jy voor Hom kom staan en wys en verduidelik voor jy omhels kan word!

Die gelykenis verduidelik wat een keer gebeur en dan werk dit nooit anders nie. Dit verduidelik 'n permanente liefde. Daarom stel die boek Hebreërs: "Laat ons daarom ingaan met 'n opregte hart, in volle geloofsekerheid, met ons harte besprinkel, vry van 'n slegte gewete, en ons liggame gewas met skoon water. Laat ons styf vashou

Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in

aan die belydenis van ons hoop, sonder om af te wyk, want Hy wat die belofte gemaak het, is getrou.” (Heb. 10: 22 en 23)

Die gelykenis beskryf nie ’n eenmalige gebeurtenis in Christene se lewe nie, maar wat elke keer, elke oomblik en elke dag gebeur wie hulle toekeer tot Christus as here en God: hulle word omhels deur God om in hierdie omhelsing met God te wees. Om in hierdie heiligdom elke keer in te gaan wanneer ek my toekeer tot Jesus Christus, binne die omhelsing van God m Vader.

10 Dit is hoe ons geloof elke dag die hele dag werk: dit is altyd en bly altyd ons toekeer tot God in sy heiligdom, om in sy omhelsing ons tuis te maak en Hom in gebed en in lewe aan te roep.

Dit kan mos nooit só wees nie! Een keer mag ’n kind na jou kom en jy sal hom omhels in liefde, maar daarna moet hulle eers voor jou kom staan en sake regmaak voordat hulle ’n drukkies mag kry! Eenkeer word hulle met liefde omhels en daarna word omhelsing iets wat gebeur wanneer hulle hulself aan jou mag onderwerp!

Die toekeer en omhelsing van die verlore seun is daarom nuwe wyse waarop ons elke dag die heiligdom van God binnegaan:

- sonder enige offer vir enige skuld gaan ons in die volle sekerheid na God wat ons weet ons in sy liefde omhels.
- sonder enige houding van selfveroordeling, selfvervloeking, selfbeskuldiging of selfverwerping, keer ons elke keer tot God se omhelsing as mense wie se harte besprinkel is met die veroordeling, vervloeking, straf en verwerping van Jesus Christus.
- ons keer ons in volle geloofsekerheid tot God wat weet in sy omhelsing laat Hy ons sy heilige, smetlose, onskuldige en goeie kinders vir Hom wees deur Christus. Hy trek ons aan met die klere, ring en skoen van ’n geliefde kind!
- wanneer ons nou met die Here praat oor ons sonde is dit sonder ’n slegte gewete oor die sondes wat ons gedoen het, want ons praat met Hom terwyl hy ons in sy liefde omhels.
- wanneer ons met Hom praat oor wat ons vir Hom wil doen of gedoen het, is dit met ’n opregte hart, want ons praat nie met ’m God wat wag om te kyk of ons ons woord gaan hou nie, ons praat met hom wat ons in liefde omhels.

12. Daarom is geloof in Jesus Christus nie hierdie een ding wat ek een keer as ’n kleintjie doen en daarna verander alles weer na die tienerlewe nie! Geloof is nie die

Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in

manier waarop God jou in sy liefde omhels sodat jy daarna in God se mag omhels kan word nie.

Dit was die houding van die oudste seun in hierdie gelykenis. In hierdie gelykenis verteenwoordig die oudste seun die Fariseërs en skrifgeleerdes, en saam met hulle die geestelikes van alle tye.

Waaroor was die oudste seun kwaad vir sy pa!

Sy beskuldiging teenoor sy Pa klink so: “Kyk, al die jare werk ek soos ’n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek ’n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit ’n bakkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie.”

Wat wys hierdie beskuldiging ons wat is fout met die oudste broer? Wat wou hy gehad het moes die Pa met sy broer doen? Hy wou gehad het sy pa moes gedoen het wat die broer wou vra: om hom ’n slaaf te maak en nie as seun te verwelkom nie!

En sy beskuldiging wys die rede vir hierdie drif! Want hyself het homself nog altyd gesien as sy pa se slaaf: “Kyk al die jare werk ek soos ’n slaaf vir Pa.” Die seun wat by sy Pa gebly het, het homself gesien en gedra as sy Pa se slaaf!

U mag nie dat hierdie ironie van hierdie gelykenis u verbygaan nie. In hierdie een opsig was daar is geen verskil tussen die jongste seun wat sy lewe in sonde deurgebring het en die oudste seun wat met sy Pa saamgeleef het nie. Die jongste wou as gevolg van sy weglloop van sy Pa, dat sy Pa hom ’n slaaf maak en as seun afteken, terwyl die oudste seun wat die hele tyd saam met sy Pa geleef het, homself as sy Pa se seun afgeteken het en vir hom as ’n slaaf geleef het.

13. Hoe teken jy jou self af as jou Pa se seun en gedra jy jouself as jou Pa se arbeider?

Net soos die Fariseërs en skrifgeleerdes dit gedoen het!

Dit is die diepste ironie wat die gelykenis van die Here openbaar: hulle wat met God geleef het elke dag, elke dag in sy omhelsing in liefde kon geleef het en in sy omhelsing in liefde met Hom kon praat, het hulle self teenoor God gestel as sy arbeiders.

- om homself te verkleineer, te veroordeel, te verneder deur sy eer en heerlikheid as seun van sy pa prys te gee: ek is nie meer werd om jou seun genoem te word nie.
- om homself onderdanig, inskiklik en gediensdig aan die vloek, straf en verwerping van sy pa te onderwerp. Die vervloeking en straf om nie die liefde van ’n seun te mag kry nie maar die minagting van ’n werker.

Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in

Kyk weer na die oudste seun se woorde: ““Kyk, al die jare werk ek soos ’n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek ’n opdrag van Pa verontagsaam nie.” Wat die jongste seun met homself wou doen om terug te kom, het die oudste seun die hele tyd met homself gedoen, terwyl hy saam met sy pa geleef het!

14. Hierdie selfvernedering sien ons ook die die oudste seun se verbittering teenoor sy jonger broer: hy voel hy het nog nooit so partytjie gehad soos sy broer nie, al het hy vir sy pas soos ’n arbeider gewerk en al sy wette onderhou.

Wat is fout met hierdie verbittering? Watter vriende van die jongste broer is by die fees? Niemand nie! Dit is die Vader se fees vir sy seun! Die oudste seun wil nie ’n fees met sy Vader hê oor die liefde van sy Vader nie, hy wil as arbeider beloon word vir harde werk met ’n “jaareindfunksie” saam met sy vriende!

Sy verbittering bevestig net dat terwyl hy met sy Pa saamgeleef het, hy homself gesien het as daardie tiener wat sou hy een fout gemaak het, moes hy voor sy pa gaan staan en teenoor sy woede homself verdedig en geregverdig het.

Wat hy saam met sy Pa in sy Pa se liefde kon wees, het hom verbygegaan omdat hy homself reeds ’n arbeider gemaak het, nog voor sy jonger broer van homself ’n arbeider kon maak.

15. Hoe bekeer ons ons daaglik tot God?

Vry van ’n slegte gewete, met ’n hart vol geloofsekerheid, met die hart van ’n kind van God, vol vertrouwe dat God ons gaan omhels in sy liefde wanneer ons ons tot Hom toekeer.

Vry van ’n slegte gewete en met ’n hart vol sekerheid oor sy omhelsing gaan ons Hom vertel van alles, alles wat ons reg gedoen het en alles wat ons verkeerd gedoen het, net omdat ons dit binne die omhelsing van sy liefde wil doen.

Hierdie geloof oor hoe ons in God se liefde omhels word deur wie Jesus Christus vir ons is, is nie ’n eenmalige daad net om ’n kind van God te word en dan weer net soos die oudste seunte word, om vir God soos ’n arbeider te gehoorsaam nie. Dit is hoe ons elke oomblik en elke keer ons tot God toekeer!

U mag U self nooit toekeer tot God soos die jongste seun dit wou doen nie, om voor God met hierdie offer te kom staan nie: : “Vader ek het teen U gesondig! Ek is nie meer werd om U kind genoem te word nie. Behandel my soos een van U dagloners.” Want dan glo jy nie sy enigste Seun het sy teenwoordigheid vir jou so betree en vir jou oopgemaak as kind van God nie.

Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in

Nog minder mag jy jouself soos die oudste seun tot God toekeer: “Kyk, al die jare werk ek soos ’n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek ’n opdrag van Pa verontagsaam nie.” Want glo jy ook nie in die Vader se liefde waarin Hy jou sy kind laat wees nie.

Kom ons keer ons elke dag weer tot God soos net kinders dit kan doen: kom ons hardloop en spring in sy omhelsing in en terwyl hy ons teen Hom vashou, kom ons vertel Hom van alles as kinders wat sy liefde vertrou.

Kom ons breek met hierdie houding dat ek God moet vermy totdat Hy my voor Hom vaskeer en dat ek dan huilerig, kruiperig en onderdanig myself teenoor sy woede verneder en in ’n omhelsing moet self moet oorgee aan sy mag.